# Hoofstuk van die dag: 1 Tessalonisense 5

> *Wees altyd bly. Bid gedurig. Wees in alle omstandighede dankbaar, want dit is wat God in Christus Jesus van julle verwag. (1 Thes 5:16-18)*

Paulus sluit sy brief af met drie kort opdragte, en drie

vermanings: Wees bly. Bid gedurig. Wees dankbaar. En moenie die Gees teenstaan nie en die Bybel geringskat nie, en bly weg van die slegte (vers 16-22). Dis as ’t ware die resep vir jou geloofslewe – doen dit, en jy sal lewe, soos die Here ons verseker in Lev 18:5 en Luk 10:27-28.

Dan voeg Paulus by dat God vir die res sal sorg: vrede, toewyding, bewaring (vers 23). Dit klink amper te goed om waar te wees dat hierdie wonderlike beloftes in ons onstuimige tye so kan wees. Ons sukkel mos met die sorge van die lewe en kommer oor aardverwarming en korrupsie en geweld en misdaad en … Dis asof Paulus hoor hoe ons dit dink en innerlik sug. Daarom voeg hy in vers 24 by: “Hy sal dit ook doen, want Hy wat julle roep, is getrou.”

Elders (Fil 4:4-9) skryf hy ook oor die vrede wat God gee. Dalk, as jy met onrus in jou hart sit, moet jy weer ’n slag met mening fokus op wat Paulus vir die Tessalonisense skryf.

*Naskrif:* Hierdie stukkie het ongelukkig nie gestuur soos dit moes nie. Askies!

---


- Tuisblad
- Rubrieke
    - Bybelkarakters
    - Gebede
    - Soos ek dit sien
    - Lees die Bybel saam met my
    - Kortverhale
    - Wag op die Here!
- Preke
    - Video’s en teks van my preke
    - Potgooi van die preke
- Meer oor …

# Hoofstuk van die dag: 1 Tessalonisense 4

> *Ons wil hê, broers, dat julle nie onkundig moet wees oor wat met die ontslapenes gaan gebeur nie. Dan sal julle ook nie treur nie, soos die ander mense wat geen hoop het nie. (1 Thes 4:13)*

Dit is 'n ongelukkige feit dat baie mense bang is vir die wederkoms en wat dit vir hulle gaan inhou. Dit was in Tessalonika ook die geval.
Ek sê dis 'n ongelukkige feit, want die wederkoms moet jou nie bang maak nie, maar hoop gee (vers 13) en troos (vers 18). Dink net: die Here Jesus sal self uit die hemel neerdaal om ons te kom haal, sodat ons altyd by Hom kan wees. Wat 'n heerlike vooruitsig! Die hemel kom aarde toe, en God maak alles nuut (Op 21:1-5) – 'n nuwe, heel wêreld waar daar niks stukkend en seer en pynlik sal wees nie, en God by ons sal woon (Op 21:3).
Moenie gedagtes oor die wederkoms uit jou gedagtes probeer weer nie, want so ontneem jy jouself van 'n heerlike verwagting. Lees, en herlees, 1 Tes 4:13-18 en Op 21 en 22, en skep moed. Ons bely immers elke Sondag saam met die

Apostoliese Geloofsbelydenis dat ons glo in die opstanding van die vlees en 'n ewige lewe. Halleluja!

---

- Tuisblad
- Rubrieke
  - Bybelkarakters
  - Gebede
  - Soos ek dit sien
  - Lees die Bybel saam met my
  - Kortverhale
  - Wag op die Here!
- Preke
  - Video's en teks van my preke
  - Potgooi van die preke
- Meer oor …
  - Jaco se Bybelkoerant
  - Die Bybelkoerant-konsep
  - Jaco Thom
  - My boeke
  - Privaatheidsbeleid
  - Wet op Beskerming van Persoonlike Inligting
  - Bankbesonderhede
- Boekwinkel
- Soek

# Hoofstuk van die dag: 1

# Tessalonisense 3

> *Toe ons dit nie langer kon uithou nie, het ons besluit om alleen in Atene agter te bly. (1 Thes 3:1)*

Paulus was bekommerd oor die jong gemeente in Tessalonika, wat hy na net 'n paar weke moes los (sien die dagstukkie by 28 November). Self kon hy nie teruggaan nie, want die teenkanting van die Jode was te erg. Daarom het hy in Atene gebly en Timoteus teruggestuur om die nuwe gelowiges te help (vers 2-5). Die goeie nuus wat Timoteus uit Tessalonika teruggebring het, het Paulus opgebeur (vers 7) te midde van sy teleurstellende besoek aan Atene (Hand 17).
Geloofshelde het ook kommer en beleef tye van neerslagtigheid, soos Paulus hier erken. Dit het meermale met hom gebeur (2 Kor 1:4; Hand 18:9 en 28:16). Dis nie 'n teken van swak geloof wanneer dit gebeur nie. Jy kan dit nie eintlik verhelp nie. Dis egter belangrik wat jy doen as jy in 'n put is. Om jouself te verknies, help niks. Ons sien uit Paulus se lewe dat hy in sy donker tye na ander uitgereik het, soos met sy kommer oor Tessalonika; of dat hy met God daaroor geworstel het (2 Kor 12:8).
Só kan jy ook tot rus kom (Ps 62:2).

---

# Hoofstuk van die dag: 1 Tessalonisense 2

> *Ons dank God dan ook gedurig daarvoor dat julle die boodskap van God wat julle van ons gehoor het, ontvang en aangeneem het in die oortuiging dat dit nie mensewoorde is nie, maar die woord van God. En dit is ook inderdaad die woord van God, soos die uitwerking daarvan op julle wat glo, bewys. (1 Thes 2:13)*

Hoekom glo jy? Is dit omdat jou ouers geglo het? Of dalk ’n onderwyser of predikant of goeie vriend?
Die meeste van ons begin ons geloofsreis in navolging van iemand wat ons vertrou. Dit is ook reg so. Maar daardie navolg-geloof moet later oorgaan in oortuiging dat God leef; dat Hy deur die Bybel praat, ook met jou persoonlik. Dan is jou geloof nie maar gebou op ander mense se voorbeeld of

woorde nie, maar op vertroue in God.
Dalk sukkel jy nog om te aanvaar dat God se woord regtig die waarheid is. Kyk dan na gelowiges om jou en ervaar hoe God se Woord hulle lewe verander. Kyk na jouself, en erken die uitwerking van God se stem in jou lewe. Om te glo, kom immers nie uit jouself of uit wilskrag nie, maar uit die oortuiging van die Heilige Gees in jou hart (2 Thes 2:13).

---

- Tuisblad
- Rubrieke
    - Bybelkarakters
    - Gebede
    - Soos ek dit sien
    - Lees die Bybel saam met my
    - Kortverhale
    - Wag op die Here!
- Preke
    - Video's en teks van my preke
    - Potgooi van die preke
- Meer oor …
    - Jaco se Bybelkoerant
    - Die Bybelkoerant-konsep
    - Jaco Thom
    - My boeke
    - Privaatheidsbeleid
    - Wet op Beskerming van Persoonlike Inligting
    - Bankbesonderhede
- Boekwinkel
- Soek

# Hoofstuk van die dag: 1 Tessalonisense 1

> *Die mense vertel self hoe julle ons ontvang het en hoe julle julle van die afgode tot God bekeer het en nou die lewende en ware God dien … (1 Thes 1:9)*

Paulus en Silas se besoek aan Tessalonika was nie langer as ’n maand nie. Toe het die Jode gesorg dat hulle in die nag uit die stad moes vlug (Hand 17:1-10). En tog het hy in dié kort tydjie ’n gemeente gevestig wat in noue kontak met hom gebly het. Twee gemeentelede, Aristargos en Sekundus, was selfs onder die groep wat Paulus met die dankoffers na Jerusalem vergesel het (Hand 20:4).

Paulus herinner hulle aan die moeilike omstandighede waarin hulle tot geloof gekom het (vers 6). Só kragtig was hulle geloofslewe dat al die gelowiges in Masedonië en Agaje (dws die hele Griekeland) van hulle geloof gehoor het.

Mense se verskoning is dikwels dat hulle nie genoeg kennis het om voluit vir die Here te leef of ’n leiersposisie in die gemeente kan aanvaar nie. Die Tessalonisense beskaam ons, want geen verskonings kon hulle keer nie. Jy hoef nie die Bybel van voor tot agter te ken nie (dit sal bykom soos jou geloof groei). Die vraag is of jy die Here liefhet en Hom met blydskap dien.

---

- Tuisblad
- Rubrieke
  - Bybelkarakters
  - Gebede

# Hoofstuk van die dag: 1 Tessalonisense (Inleiding)

Kyk gerus na hierdie video vir ’n goeie opsomming van die brief:

## Onlangse Bydraes

- Hagar
- Joh 1:14 en 16 Die Woord het mens geword
- Lot se dogters
- Psalm 103 Die Here is vol liefde en ontferming
- Lot

## Argief

Argief Kies 'n maand

- Lees die Bybel saam met my
- Soos ek dit sien
- Preke
- Gebede
- Kortverhale

- Facebook
- X

© Bybelkoerant 2018 – 2026